

Voorgestelde toevoegings tot die *Riglyne aangaande die US se Verlengde Graadprogramme*

Agtergrond

In Augustus 2010 is die *Riglyne aangaande die US se Verlengde Graadprogramme* deur die Senaat goedgekeur. Hoewel die KLO hierdie dokument aanbeveel het vir goedkeuring, het die Komitee ook voorgestel dat die aanvaarding van hierdie dokument slegs 'n tussentydse maatregel behoort te wees en dat sekere konseptuele sake in die dokument verwyder uitgebrei moet word alvorens die dokument weer voorgelê word aan die KLO. Die Komitee het spesifiek versoek dat die afdeling wat die relevante definisies vir die dokument uiteensit (1.3) verder aandag geniet en dat veral die beskrywing van “onderwysbenadeeld” (1.3.1) in meer konkrete terme geformuleer word.

Die werk van die Komitee insake Strategiese Inskrywingsbeplanning en -bestuur (KSIBB) het verder daartoe bygedra dat hierdie behoefte nou onontbeerlik geword het. Ter ondersteuning van die konsultasieproses wat die KSIBB van stapel sal stuur aan die hand van 'n aantal voorstelle vir 'n nuwe Inskrywingsbestuurstelsel, word die onderstaande beskrywing van “onderwysbenadeeld” aangebied.

Belangrike vertrekpunte

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie nie 'n poging is om al die konseptuele uitdagings wat verband hou met die term, te ondersoek nie. Die *Riglyne aangaande die US se Verlengde Graadprogramme* het reeds aangedui dat hierdie 'n konsep met veelvuldige dimensies en dinamiese verbande tussen die verskillende dimensies is. Die beskrywing bevat in die *Riglyne*-dokument dien dan as die vertrekpunt en *a priori*-aanname vir die verdere operasionalisering van “onderwysbenadeeld”.

Die beskrywing hieronder is verder ook nie 'n poging om alle moontlike indikatore van 'n “onderwysbenadeelde” status te identifiseer nie. Die beskrywing wat hier aangebied word, word beperk deur die inligting wat die US tot haar beskikking het wanneer studente se aansoeke om toelating oorweeg word. Dit is dus met erkenning van hierdie beperking dat die beskrywing hieronder aangebied word.

Die voorstel is dat indien hierdie voorgestelde toevoegings deur die KLO goedgekeur word, dit bygevoeg word tot die *Riglyne*-dokument.

Voorgestelde toevoegings

Onderwysbenadeeld: 'n Operasionele definisie

Die drie dimensies uitgesonder vir die beskrywing van “onderwysbenadeeld”, te wete sosio-ekonomiese omstandighede, onderwysomstandighede en persoonlike omstandighede, kan elk gekenmerk word deur 'n verskeidenheid van indikatore. Die indikatore hier voorgestel is 'n praktiese eerder as volledige beskrywing van hierdie dimensies en word bepaal deur die inligting wat die US tot haar beskikking het op grond van studenteaansoeke. As gevolg van hierdie beperking word 'n operasionele definisie voorgestel wat beperk is tot twee van die dimensies.

Sosio-ekonomiese omstandighede	Onderwysomstandighede
Ouers se hoogste kwalifikasies (as aanduider of die studente 'n eerstegenerasiestudent is)	Graad 11- en -12-uitslae
Geografiese herkoms (m.a.w. het die student 'n plattelandse of "township"-skool bygewoon)	TGT- of NBT-uitslae
Ras	'n Verskil tussen huistaal en onderrigtaal
	Die skool wat die student bygewoon het se skoolfonds (as kru aanduider van die gehalte en die sosio-ekonomiese posisie van die skool)

Hoewel hierdie indikatore slegs op twee dimensies fokus sou fakulteite verdere inligting kon inwin oor die "onderwysbenadeelde" status van studente met die oog daarop om besluite oor keuring te neem. Indien fakulteite verdere inligting verlang kan die volgende addisionele indikatore van die drie dimensies oorweeg word:

Sosio-ekonomiese omstandighede	Onderwysomstandighede	Persoonlike omstandighede
Toegang tot basiese dienste (openbare vervoer, elektrisiteit, ens.)	Onderwyser-skolier-ratio	Persoonlike trauma
	Kwalifikasies van onderwysers in sleutelvakke	Gestremdhede
Totale huishoudelike inkomste	Afwesigheid van onderwysers	

Die multidimensionele aard van die konseptuele en operasionele beskrywings voorgestel dui daarop dat 'n "onderwysbenadeelde" status die resultaat is van strukturele of ander faktore buite die beheer van die student. Die faktore wat hierdie status beïnvloed is ook nie beperk tot die student se skoolervaring nie (hoewel die student se skoolervaring waarskynlik die belangrikste invloed is om te oorweeg) en kan insluit enige faktore wat 'n negatiewe impak op die student se leer- en ontwikkelingservaring gehad het.

Aangesien hierdie aanduiders baie beperk is, word voorgestel dat alle besluite oor toelating tot 'n VGP geneem word deur ten minste 'n programkomitee of een of ander komitee aangewys deur 'n dekaan. Sodoende sal individue se subjektiewe perspektiewe tot 'n mate gebalanseer word.